# HOOFSTUK 3

# GROEPONDERRIG

## 3.1. INLEIDING

In hierdie ondersoek waar dit gaan om die invloed van bemeesteringsleer in kleingroepsituasies op die leerprestasie van milieugestremde kinders, word daar afgewyk van die tradisionele klassikale metode van onderrig en word die milieugestremde kinders in die eksperimentele groep in hierdie studie in klein groepe onderrig.

In hoofstuk 2 is daar gewys op die tekortkominge en belemmeringe ten opsigte van milieugestremde kinders wat verhoed dat hulle normaal op skool presteer en in hulle totaliteit as menseontwikkel. Dit impliseer dat dit vir die onderwyser in die klaskamer nie net behoort te gaan om die kognitiewe ontwikkeling van die kinders nie, maar besondere aandag behoort ook, veral in die geval van milieugestremde kinders, aan ander aspekte van omvattende opvoeding gegee te word. Deur hierdie kinders te help om die leerstofinhoude te bemeester en om te presteer, om 'n positiewe skool- en vakverwante affek te bewerkstellig en om terselfdertyd in die kleingroepsituasie 'n positiewe selfbeeld op te bou, kan daar in hierdie metode van leerstofaanbieding as sulks meer komponente van omvattende opvoeding ingebou word.

## 3.2. WAT IS GROEPONDERRIG?

Om leerlingbetrokkenheid en -samewerking in die klaskamer aan te moedig, kan die leerstofinhoude op verskillende wyses aangebied word. Groeponderrig is onder andere 'n metode waar elke individu betrokke moet raak en 'n wesenlike bydrae moet lewer in die voltooiing van die groepstaak of die oplossing van die groepsprobleem. Die onderwyser moet egter daarteen waak dat die individu in die groep nooit misgekyk word nie. (Cole en Blake, 1967, p.24).

Met groeponderrig word bedoel dat die leerlinge in die klasgroep in kleiner groepe ingedeel word, dat die onderwyser die leerstofinhoude aanbied en dat die leerlinge dan in die kleiner groepe saamwerk om die gegewe opdragte uit te voer.

In groepwerk as metode van onderrig, word gestrewe na die handhawing van die ewewig van die werk van die enkeling en die samewerking van die groep, sodat lede van die groep mekaar aanvul en 'n gemeenskaplike prestasie tegelyk die kroon op afsonderlike pogings is. Groepwerk bied die geleentheid tot individuele werk binne klassikale verband. Die kind word as individu erken ten opsigte van sy moontlikhede, belangstellings, behoeftes, ensovoorts. (Landman en Kilian, 1973, p.103).

## 3.3. WAARDE VAN GROEPONDERRIG

### 3.3.1. Inleiding

Dit word in die samelewing van die mens verwag om in breë verband op vele terreine saam te werk en die kind behoort daarin geoefen te word in die gesinslewe sowel as in die skool. (Cole en Blake, 1967, p.25-26).

Milieugestremde kinders is gewoonlik kinders wat deur hulle omstandighede in so 'n mate gestrem word dat hulle nie maklik aansluiting kan vind by die samelewingswerklikhede nie en nie maklik met ander mense kan kommunikeer en saamwerk nie. In die skool kan hierdie kinders byvoorbeeld in die kleingroepsituasie geleer word hoe om met ander mense om te gaan, ander mense te aanvaar en deur ander mense aanvaar te word. Sosiale aanpassing kan op hierdie wyse vergemaklik word. (Valentine, 1976, p.115). Onderwysers wat in die praktyk alreeds van die kleingroepsituasies gebruik gemaak het, het bevind dat onderlinge samewerking tussen leerlinge toeneem, dat die leerlinge meer vrylik kommunikeer en positief deelneem aan groepsaktiwiteite. (Haber, 1979, p.295).

Uit die resultate van verskeie korttermyn ondersoeke (Jorgenson, 1973; Torrance, 1972; Klugman, 1944, p.91-100;

Watson, 1969, p.328-336) sowel as langtermyn ondersoeke (Goldschmidt, 1971, p.1-6; Scott, 1971, p.183-189) blyk dit dat wánneer die leerlinge in groepsverband saamwerk, die resultate baie beter is as in die gewone klassikale opset, veral ten opsigte van die leerstofinhoude wat 'n probleemoplossings en kreatiwiteitsbenadering vereis.

Volgens Gabel en Herron (1977, p.390) leer kinders wat in kleingroepsituasies saamwerk vinniger as diegene wat in die gewone klassikale opset alleen werk.

3.3.2. Waarde van onderrig in kleingroepsituasies vir milieugestremde kinders

3.3.2.1. Dit skep 'n gevoel van sekuriteit

Vir milieugestremde kinders is die skool met sy andersoortige en "vreemde" eise dikwels 'n verskrikking. Hulle vind dit uiters moeilik om aansluiting te vind by die skoolaktiwiteite binne en buite die klaskamer en by die skoolopset in sy geheel. Dit gee aanleiding tot onsekerheid en vrees by hierdie kinders wat uitkristalliseer in 'n negatiewe houding en ingesteldheid teenoor die skool en alles wat met die skool verband hou.

Met die onderrig van die leerstofinhoude in kleingroepsituasies word daar doelbewus gepoog om dié kinders deel te maak van en te betrek by die klaskameraktiwiteite. Die individu word makliker deur die ander lede van die kleingroep aanvaar en onderlinge aanvaarding van mekaar is ook makliker. (Cole en Blake, 1967, p.25). Wahler (1967, p.278-293) het in 'n ondersoek vasgestel dat leerlinge wat in klein groepe saamwerk, mekaar sterk kan beïnvloed ten opsigte van gedrag, benadering van en ingesteldheid teenoor groepsaktiwiteite.

Deur die groepsamestelling dikwels te wysig, word die individu voortdurend in kontak gebring met ander lede van die klasgroep wat sy persoonlike inskakeling en samewerking

by klaskamer- en ander aktiwiteite uiteraard sal vergemaklik. Dit kan lei tot 'n gevoel van groter sekuriteit in die skoolsituasie waardeur die skool ook meer aanvaarbaar word vir hierdie kinders.

3.3.2.2. Sosiale houdings word aangemoedig

In die praktyk word dit van elke mens verwag om met ander mense saam te werk of om op een of ander wyse met ander mense te verkeer. Die mens is 'n sosiale wese en kan nie in isolasie lewe nie.

Samewerking met ander mense impliseer dat die individu in staat sal wees om die situasie waarin hy hom op 'n spesifieke tyd bevind, sinvol te verwerk. Dit vra by geleentheid aanpassing, dat toegewings gemaak moet word, maar ook dat sekere eise op 'n sinvolle en verantwoordelike wyse gestel moet word.

Uit die aard van hulle huislike- en omgewingsomstandighede het milieugestremde kinders in hierdie opsig 'n agterstand wat grootliks verminder kan word of selfs heeltemal uitgeskakel kan word in die gee en neem van groepsaktiwiteite in die klaskamer. In die kleingroepsituasie word hierdie kinders geleer om saam te werk, by geleentheid leiding te neem en te praat maar ook om by geleentheid te luister na wat ander sê en ander se voorbeeld te volg.

Valentine (1976, p.116) beklemtoon dat deur samewerking in klein groepe dié vaardighede wat eie is aan die werklikheid, ontwikkel en versterk kan word. Bronfenbrenner (1970, p.158) sê in hierdie verband ".... the young need to be exposed not only to factual knowledge, but also to the standards and modes of behaviour requisite for living in a cooperative society".

3.3.2.3. Leierskap kan ervaar word

Ten einde te verseker dat alle lede van die groep aktief deelneem aan al die aktiwiteite in die kleingroepsituasie

word groepleiers aangestel wat die aktiwiteite van die individuele lede van die groep moet koördineer en by geleentheid namens die groep moet optree.

Groepleiers behoort met gereelde tussenpose verwissel te word en elke lid van die groep behoort geleentheid te kry om as groepleier op te tree. Op hierdie wyse word waardevolle ervaring opgedoen, die individu se selfvertroue word versterk en 'n positiewe selfbeeld word ontwikkel.

Bogenoemde aspekte is baie belangrik vir milieugestremde kinders in die skoolsituasie. Deur deel te wees van en aktief betrokke te wees by die leeraktiwiteite in die klaskamer, kan 'n positiewe skool- en vakverwante affek bewerkstellig word - veral as dit ook gepaard gaan met prestasie en sukses.

3.3.2.4. Gemeenskaplike doelstellings word nagestreef

Groepwerk vereis dat elke individuele lid van die groep met die groep moet saamwerk en 'n eie unieke bydrae moet lewer ten einde die gemeenskaplike doelstellings van die groep te verwesenlik.

Vir baie milieugestremde kinders is die gewone klassikale onderrigsituasie 'n vreesaanjaende belewenis veral wanneer die eise wat gestel word bokant hulle vermoëns is. Die kleiner groepsituasie bied vir hierdie kinders 'n mate van beskerming. Hulle is meer bereid om te waag en betrokke te raak in die kleiner groep se aktiwiteite. As gevolg van vrywillige individuele betrokkenheid, kan persoonlikheidsvorming sowel as omvattende opvoeding meer tot sy reg kom.

Die feit dat gemeenskaplike doelstellings nagestreef word wat die gesamentlike poging van al die lede van die groep vereis, hou onder andere ook die volgende voordele in:

(i) elke individu moet betrokke raak en 'n persoonlike bydrae lewer;

(ii) elke lid het die geleentheid om sy kennis, vaardighede en vermoë tot voordeel van die groep aan te wend;

(iii) potensieel is daar 'n groter aantal benaderings ten opsigte van die taak;

(iv) die groep is meer effektief en doelstellings word makliker en met 'n hoër mate van effektiwiteit bereik. (Valentine, 1976, p.116).

3.3.2.5. 'n Beter geestelike gesindheid kan bewerkstellig word

Soos reeds aangetoon (vgl. par. 3.3.2.1.1.) is die skool vir die milieugestremde kind 'n vreemde en dikwels vreesaanjaende opset. Dit gaan gepaard met spanning, wanaanpassing en ander probleme.

Wanneer die individu egter deel is van die kleiner groep in die klaskamer en onderlinge aanvaarding van groepslede vind plaas, kan spanning verlig of uitgeskakel word, wanaanpassing kan verdwyn en 'n meer positiewe geestelike gesindheid kan bewerkstellig word.

3.3.2.6. Persoonlikheidsontwikkeling van die leerlinge vind plaas

In opvoedkundige verband bied groepsonderrig, veral vir milieugestremde kinders, talle moontlikhede. As gevolg van die unieke omstandighede waarin hierdie kinders opgroei en die belemmeringe en tekortkominge ten opsigte van hulle opvoeding tuis, behoort daar in die skoolsituasie meer voorsiening gemaak te word vir die opvoeding van hierdie kinders. Wanneer die leerstofinhoude in kleingroepsituasies aangebied word, kan baie belangrike opvoedingsbeginsels daarby geïntegreer word sodat die persoonlikheid van die milieugestremde kind kan ontwikkel terwyl hy leer.

In die groepsituasie maak die leerlinge kennis met die eise van die praktiese samelewing. Hulle leer persoonlikheidskenmerke soos samewerking, geduld, eerlikheid, diensbaarheid, ensovoorts aan. Deur die wisselwerking van groepslede onderling, word 'n soort van "social wisdom" verkry wat 'n baie belangrike faktor is in die mondering van die kind op die pad na volwassewording.

Emosioneel leer die leerlinge om lewensprobleme te hanteer. Hy leer dat negatiewe optrede soos om in woedebuie uit te bars, jouself te onttrek, in 'n situasie van selfbejammering te verval, ander te blameer, ensovoorts, nie die probleem oplos nie, maar dat die feite eerder op 'n meer aanvaarbare wyse ontleed moet word en dat daar 'n meer positiewe benadering ten opsigte van die oplossing van die probleem moet wees.

Intellektueel baat die leerlinge deurdat die geleenthede hulle voordoen om probleemoplossingsmetodes aan te leer wat kritiese denke vereis ten einde praktiese probleme te kan oplos. (Strang, 1958, p.13-30).

3.3.2.7. Leerlinge leer om te leer

Omdat milieugestremde kinders eerder deur hulle milieu gestrem as gestimuleer word om te leer, (vgl. par. 2.4.) is dit belangrik dat hierdie kinders in die skoolsituasie geleer sal word hoe om te leer. In hierdie ondersoek is besondere aandag hieraan gegee deur die onderrig in die kleingroepsituasies.

In die kleingroepsituasie leer die leerlinge om saam te werk om 'n gemeenskaplike probleem op te los. Hulle leer van mekaar verskillende benaderingswyses ten opsigte van dieselfde probleem, hoe om by geleentheid eenvoudige navorsing te doen en hoe nuutverkreë kennis georden behoort te word om 'n oplossing vir die probleem te vind. Dit kan 'n belangrike invloed hê op hulle studiemetodes en gewoontes, ook in die toekoms.

3.3.2.8. Eie vaardighede word versterk

In die kleingroepsituasie kry die individuele lede van die groep geleentheid om eie vaardighede aan minder vaardige lede oor te dra. Op hierdie wyse word minder vaardige lede van die groep deur meer vaardige lede onderrig terwyl laasgenoemde se eie vaardighede versterk word. (Strang, 1958, p.16). Selfvertroue en taalbeheer word bevorder deurdat die leerlinge self die leerstofinhoude verbaal moet oordra en hulle gedagtes sinvol moet formuleer. (Smit en Kilian, 1973, p.104).

3.3.2.9. Diagnostiese waarde van die kleingroep

In die groep kan die leerlinge met besondere probleme makliker geïdentifiseer word. So sal byvoorbeeld die dogter wat nie in staat is om sosiale kontak te maak nie; die seun wie se aggressiwiteit of egosentrisiteit tot gevolg het dat die groep hom verwerp; die individu wat besondere probleme het met die bemeestering van 'n sekere vaardigheid, ensovoorts, baie duidelik uitgewys word en kan aandag aan dié besondere probleme gegee word.

In die groepsituasie word die individu self bewus van sy moontlikhede en tekortkominge. Hy kan byvoorbeeld self die behoefte aanvoel om beter te kan kommunikeer, sy gebrek aan sekere vaardighede raaksien en self die redes vir sy onaanvaarbaarheid in die groep soek.

3.3.2.10. Terapeutiese waarde van die groep

Groepsaktiwiteite het besondere terapeutiese waarde, veral ten opsigte van die milieu of omgewing. So kan byvoorbeeld leerlinge met huislike- en emosionele probleme meer aanvaarbare verhoudings met ander leerlinge aanknoop, nuwe gedragspatrone ontwikkel, meer onafhanklik van ander word en hulle eie tekortkominge en vaardighede ontdek.

3.3.2.11. Die leertempo word deur die groep self bepaal

Gabel en Herron (1977, p.394) beklemtoon dat individue van

mekaar verskil ten opsigte van persoonlike vermoëns en dus uiteraard ook ten opsigte van die tempo waarteen hulle in staat is om te werk en te leer.

Wanneer individue in 'n heterogene groep saamwerk en leer word die tempo deur die groep self bepaal. Ten einde die gemeenskaplike doelstellings van die groep te verwesenlik kan hulle mekaar help, wedersyds aanvul en lei sodat elke individuele lid in staat gestel word om teen sy eie tempo die leerstofinhoude te bemeester.

Ten opsigte van milieugestremde kinders is die werktempo in die tradisionele klaskamersituasie gewoonlik te vinnig (vgl. par. 2.6.3.2.4.). Hulle raak gevolglik progressief agter, verloor moed en openbaar 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die skool en alles wat daarmee verband hou. In die kleingroepsituasie, waar die leertempo deur die groep self bepaal word, kan milieugestremde kinders in 'n groot mate gehelp word om hierdie probleem te oorkom.

3.3.2.12. Die invloed van groeponderrig op leer en skolastiese prestasie

Leer is 'n ingewikkelde gebeure wat unieke probleme inhou vir alle mense, volwassenes sowel as kinders. In die klaskamersituasie is dit die kind wat grootliks op die onderwyser aangewese is om vir hom die leerstofinhoude te ontsluit of hom te lei en te begelei om die leerstofinhoude effektief in die korste tyd te leer.

Die onderrig-leer-gebeure behoort egter 'n gesamentlike poging van beide die onderwyser en die leerlinge te wees, waar veral laasgenoemde as aktiewe medewerkers betrokke <u>moet</u> wees ten einde suksesvolle leer te laat plaasvind. (Leypoldt, 1974, p.19). Van die leerlinge word verwag dat hulle die leerstof sal bemeester, verrykte konsepte sal ontwikkel en die vermoë sal aanleer om hulle kennis na nuwe verbandhoudende situasies oor te dra en toe te pas.

Milieugestremde kinders word egter deur 'n verskeidenheid faktore, binne en buite die klaskamer, verhinder om effektief te leer en te presteer (vgl. par. 2.6.3. en 2.6.4.) Dit is daarom noodsaaklik dat daar afgewyk behoort te word van die tradisionele klaskameropset en dat 'n metode gevolg moet word waarin elke individu met sy besondere behoeftes en probleme betrek kan word.

Onderrig in die kleingroepsituasie hou baie moontlikhede in vir milieugestremde kinders. In die kleingroepsituasie kan 'n positiewe affektiewe ingesteldheid en benadering bewerkstellig word terwyl daar op 'n meer persoonlike wyse omgesien kan word na individuele leerprobleme deur medegroepslede en, waar nodig, deur die onderwyser self. Deur hierdie benadering kan elke individu gehelp en gelei word om sistematies en effektief te leer en te presteer.

## 3.4. GROEPGROOTTE

Ten einde groepwerk so effektief moontlik te maak en te verseker dat die mees effektiewe leer ten opsigte van elke individu in die groepsituasie plaasvind, is dit noodsaaklik dat die volgende faktore in gedagte gehou sal word by die bepaling van die grootte van die groep:

(1) die aard van die leerstof;
(2) leerlingbedrewenheid en voorbereiding;
(3) motivering om te leer deur die leerlinge;
(4) mate van leereffektiwiteit wat beoog word;
(5) die doelstellings wat nagestreef word.
(Dvorak, 1979, p.582).

Hare, (1962, p.234) beweer dat optimum groepgrootte vyf is. Met minder as vyf lede is die groep te klein - met meer as vyf lede is dit te groot en word die mate van samewerking tussen groeplede belemmer. Volgens Thelen (1969, p.139-148)

is die ideale grootte van enige groep die kleinste getal lede waaruit die groep kan bestaan, maar by wie al die vaardighede wat nodig is vir die voltooiing van die groepstaak, aanwesig is.

Dit is kenmerkend van kleiner groepe dat die groepslede 'n groter mate van tevredenheid openbaar omdat daar meer geleentheid tot persoonlike betrokkenheid en samewerking vir elke lid bestaan. Die kleiner groep is ook meer effektief veral ten opsigte van die oplossing van konkrete probleme.

Namate groepe groter word, word samewerking en deelname per lid proporsioneel minder. Dit het ook tot gevolg dat die meer spraaksame lede steeds meer en meer deelneem, terwyl die minder spraaksame lede hulle steeds meer en meer onttrek. Groter groepe is egter meer effektief in die oplossing van abstrakte probleme.

Hare, (1962, p.234) beklemtoon dat 'n groep uit 'n ongelyke getal lede moet bestaan. Dit inkorporeer die meerderheid-minderheidsfaktor wat meebring dat 'n enkele individu nie geïsoleer word nie. In hierdie ondersoek is die leerlinge in groepe van vyf saamgegroepeer. Die individuele groepe is heterogeen saamgestel ten opsigte van leerprestasie, geslag en ouderdom (vgl. par. 6.5.2.).

## 3.5. GROEPERING EN INDELING VAN LEERLINGE

### 3.5.1. Inleiding

Leerlinge smelt saam in groepe as gevolg van gemeenskaplike belangstellings, sosiale behoeftes, vriendskappe, ensovoorts en behoort toegelaat te word om vrywilliglik, of in sommige gevalle onder geringe leiding, eie groepe te vorm. Vrywillige toetrede tot en onttrekking van die groep sowel as betrokkenheid by die groep, is belangrik aangesien gedurige assosiasies met 'n bepaalde groep lei tot gebrek aan samewerking en dikwels tot wrywing.

In die skoolpraktyk behoort die groepe nie onaanpasbaar te wees nie, maar behoort groepvorming ook bepaal te word deur die tersaaklike onderwerpe of vakke. Oorplasing van een groep na 'n ander is van tyd tot tyd ook wenslik (vgl. par. 3.3.2.1.)

Groepvorming lewer in die praktyk basies geen probleme op nie, behalwe in gevalle waar leerlinge deur ander geïsoleer word. Dié leerlinge is miskien nie sosiaal aanvaarbaar nie as gevolg van fisiese- of persoonlikheidsredes - ironies genoeg is dit juis diegene wat die grootste behoefte het aan aanvaarding en geleenthede om met ander saam te werk. Die diplomatiese optrede en leiding van die onderwyser kan baie daartoe bydra dat diesulkes deur die groep aanvaar word. (Cole en Blake, 1967, p.26).

Ten einde effektiewe kleingroepvorming in die klaskamer te bewerkstellig, is dit noodsaaklik dat die groot groep leerlinge se agtergrond en sosiale struktuur, sowel as hulle vaardighede en swakhede, in ag geneem moet word. (Böhning, 1978, p.583). Sosiale veranderlikes sowel as kognitiewe vaardighede is van die belangrikste faktore wat effektiewe kleingroepvorming en funksionering kan beïnvloed. Die groep se sosiale strukture en interpersoonlike verhoudinge kan 'n invloed hê op die leerklimaat in die klaskamer, lede van die groep se konsentrasievermoë affekteer en die vrymoedigheid van individue om te kommunikeer en gedagtes uit te ruil, beperk of heeltemal afstomp. (Ahlbrand en Coyle, 1976, p.493-499; Jennings, 1959; Moreno, 1960).

Die wyse waarop die kleingroepe saamgestel word, kan 'n radikale invloed hê op die leeraktiwiteit wat in die groep plaasvind (Amaria, e.a., 1969, p.96-103); Laughlin en Johnson, 1966, p. 407-414; Lemke en Hecht, 1971, p. 43-45). Dit is daarom belangrik om bogenoemde aspekte in gedagte te hou wanneer op 'n wyse van groepering (homogeen of heterogeen) besluit word.

### 3.5.2. Indeling in klein groepe

#### 3.5.2.1. Homogene groepering

Peterson (1966, p.19-20) stel dit dat dit raadsaam is om leerlinge op 'n homogene basis saam te groepeer na aanleiding van akademiese moontlikhede, aanleg, aandagspan, herroepingsvermoë en algemene intelligensie. Dit lei tot beter samewerking en het tot gevolg dat die groepstempo waarteen gewerk word, grootliks dieselfde bly.

Onderwysers beweer baie keer dat "stadige" en "vinnige" leerlinge die onderrig in die klaskamer bemoeilik. Die bron van die probleem is in baie gevalle egter dat die metode van onderrig "vinnige" en "stadige" leerlinge skep. As 'n sekere taak byvoorbeeld gegee word, word dit aan alle leerlinge gegee en sal diegene met groter moontlikhede, vaardighede, aanleg, ensovoorts, uiteraard die werk eerste voltooi terwyl die ander nog met die taak besig sal wees. (Thelen, 1967, p.2).

Homogene indeling kan in 'n groot mate bogenoemde probleem ondervang. "Vinnige" leerlinge wat die taak gouer voltooi, ontvang meer gevorderde werk en word met behulp van studiegidse meer aan hulleself oorgelaat terwyl die onderwyser meer intensiewe aandag aan die "stadige" leerlinge kan gee. (Thelen, 1967, p.200).

Die meer talentvolle ("vinnige") leerlinge kan verder as hulp vir die onderwyser dien deurdat hulle op 'n meer individuele wyse vakinhoude aan "stadige" leerlinge oordra. Die leerlinge leer die vakinhoude gewoonlik meer geredelik van hulle gelykes terwyl die "vinnige" leerlinge self die vakinhoude nog beter leer. Die onderwyser moet egter versigtig wees dat die "vinnige" leerlinge nie sy werk oorneem nie en sodoende die "stadige" leerling van professionele onderrig beroof nie. Die "vinnige" leerling word ook

benadeel in die sin dat hy die pas markeer terwyl hy in werklikheid iets nuuts kon geleer het. (Thelen, 1967, p.176).

Deur navorsing is vasgestel dat in homogene groepe daar sprake is van 'n meer positiewe benadering sowel as gesonde interpersoonlike verhoudinge wat lei tot groter groepskohesie. (Festinger, 1954, p.117-140).

Homogene groepering hou onder andere die volgende voordele in:

(a) dit is vir die onderwyser makliker om sy metodes van onderrig by homogene groepe aan te pas;
(b) verryking van leerplanne geskied makliker;
(c) daar bestaan nie die gevaar dat te veel aandag aan die minder begaafde leerlinge gegee sal word nie;
(d) gesonde wedywering vind in sulke groepe plaas;
(e) begaafde leerlinge kan nie verveeld en minder begaafdes ontmoedig raak nie;
(f) van geen leerling word meer geëis as waartoe hy in staat is nie.

3.5.2.2. Heterogene groepering

In hierdie groeperingsvorm word leerlinge in dieselfde klasse ingedeel ongeag of hulle seuns of dogters is, begaafd, middelmatig of swak begaafd is. (Smit en Kilian, 1973, p.123).

Stoops en andere (1971, p.274) beweer dat in dié gevalle waar 'n kreatiewe oplossing vir 'n komplekse probleem gevind moet word, 'n heterogene groep verkieslik is aangesien elke lid van die groep, as gevolg van sy uniekheid, 'n andersoortige bydrae maak tot die oplossing van die probleem. Die moontlikheid van konflik en verskil van mening is egter baie groter by heterogene groepe as by homogene groepe.

Navorsing het ook bewys dat in heterogene groepe daar sprake is van 'n hoër graad van perseptuele oordeelsvermoë as by homogene groepe.

Aangesien leerlinge met verskillende vermoëns, aanleg, bekwaamhede, ensovoorts, in dieselfde groep saamgegroepeer is, hou dit onder andere die volgende voordele in:

(a) Dit verteenwoordig 'n natuurlike en lewensgetroue situasie van bymekaarwees van mense;
(b) minder begaafde leerlinge word deur meer begaafde leerlinge geïnspireer om saam te werk ten einde gemeenskaplike doelstellings te verwesenlik;
(c) individuele lede van die groep se prestasiepeil word gaandeweg verhoog omdat hulle moet saamwerk en "deel wees van" die groep. Geen lid kan 'n gevoel ontwikkel dat minder van hulle verwag word nie;
(d) na die bemeestering van die tersaaklike leerstofinhoude, kan die begaafde leerlinge as onderwysershulp gebruik word om die leerstofinhoude aan minderbegaafde lede van die groep oor te dra of hulle kan deur verrykingsprogramme gestimuleer word om hulle eie potensiaal en vaardighede verder te ontwikkel.

Volgens Gage (1976, p.181) presteer homogene groepe nie noodwendig beter as heterogene groepe nie en in sommige gevalle presteer hulle selfs swakker. Daarom is dit belangrik dat die onderwyser by groepsamestelling die betrokke leerlinge, die vaardighede wat vereis word, sowel as die leerstofinhoude waarom dit gaan, in gedagte sal hou (vgl. par. 3.4.).

## 3.6. BEPLANNING VIR ONDERRIG IN KLEINGROEPSITUASIES

### 3.6.1. Inleiding

Die sukses van enige groeptaak hang grootliks af van deeglike beplanning en voorbereiding sowel as van konstante leiding en bystand van die onderwyser.

Waar die onderwyser nog nie vertroud is met groeponderrig nie, is dit raadsaam om die aantal groepe in die begin tot 'n minimum te beperk en namate 'n mens meer vertroud raak met dié metode van onderrig, kan die aantal groepe, sowel as die aktiwiteite in die groepe, stadigaan vermeerder word. (Van der Merwe, 1975, p.25). Onnodige beweging en geraas moet tot 'n minimum beperk word, aangesien dit steurend inwerk op ander lede en ander groepe.

Groeponderrig en groepwerk stel besondere en eiesoortige eise aan die onderwyser en die leerlinge en by die beplanning vir groepwerk moet dit deeglik in aanmerking geneem word.

### 3.6.2. Komponente in onderrig-leergebeure

#### 3.6.2.1. Die onderwyser

Omdat mense uniek is en in 'n mindere of 'n meerdere mate van mekaar verskil ten opsigte van persoonlikheidseienskappe, benaderings, houdings en vaardighede, kan verwag word dat sommige onderwysers die groeponderrigmetode meer effektief as andere in die klaskamer sal kan deurvoer. Party onderwysers wysig hulle metode van onderrig baie maklik en pas baie maklik aan, terwyl andere nie bereid is om hulle huidige situasie van stabiliteit en geborgenheid prys te gee en aanpassings te maak nie.

Onderrig in kleingroepsituasies vereis juis dat die onderwyser aanpassings sal moet maak ten opsigte van sy benadering teenoor die leerstofinhoude en sy rol in die klaskamer. In die kleingroepsituasie is die onderwyser eerder die bron wat kennis meedeel as hy daarom gevra word as wat hy voortdurend besig is met die oordra van leerstofinhoude. Om hierin suksesvol te wees, moet die leerlinge vertroud gemaak word met die rol wat die onderwyser in die klaskamer behoort te speel, asook met wat die leerlinge se eie verantwoordelikhede en verpligtinge is. (Valentine, 1976, p.116).

Die mees suksesvolle onderwyser met groeponderrig is die persoon wat homself oopstel vir nuwe idees en bereid is om dit in die praktyk toe te pas. Hy moet bereid wees om te luister na ander mense se sienswyses en die uitdagings wat gestel word met entoesiasme aanvaar. Onderwysers wat nuut tot die onderwys toetree, (net uit universiteit of kollege) kan gewoonlik baie effektief betrek word. (Peterson, 1966, p.15-18).

3.6.2.2. Die leerlinge

In die gevalle waar die leerlinge nie vertroud is met die metode van onderrig en leer in kleingroepsituasies nie, word hulle onvermoë om die "vreemde" situasie te verwerk en te kan interpreteer dikwels openbaar in die vorm van onsekerheid en angs. (Orpen, 1979, p21).

Ten einde groepwerk effektief te maak, is dit noodsaaklik om die betrokke leerlinge vooraf vertroud te maak met wat van hulle verwag word asook hoe hulle te werk moet gaan om aan die verwagtinge te voldoen. Om in die groepsituasie saam te werk, vereis sekere vaardighede en dit kan alleen deur oefening en deeglike beplanning en voorbereiding deur beide onderwyser en leerlinge aangeleer en bemeester word.

Afhangende van die vak of leerstofinhoude sal beplanning met die leerlinge wissel van 'n paar minute tot, in sommige gevalle, 'n hele periode. Die onderwyser se plan met sy definitiewe doelstellings, inligtings- en verwysingsdetail, metodes en aktiwiteite, is 'n voorstelling van hoe die taak mag ontwikkel. Hierdie onderwysplan word gebruik as 'n raamwerk waarbinne hy op 'n bekwame wyse die leerlinge in hulle beplanning lei. Hy behoort, waar nodig, dit aan te pas in die belang van die leerlinge.

In die beplanningsperiode is dit nodig dat die leerlinge betrek sal word. Hulle moet self voorstelle maak ten opsigte van hoe die probleem benader behoort te word, watter inligting nodig is om die probleem op te los, waar die inligting

verkry kan word, ensovoorts. Waar nodig moet die onderwyser hulp verleen deur middel van voorstelle om hulle op die regte spoor te bring.

Namate die leerlinge meer vertroud raak met hierdie werksmetode, sal die hulp wat nodig is progressief minder word. By die beplanning, moet die doelstellings wat bereik wil word, in gedagte gehou word en leerlinge moet gelei word om nie nie-verbandhoudende sake te betrek nie.

3.6.2.3. Die leerstof

Die sukses van die onderrig in die kleingroepsituasie hang in 'n groot mate af van die deeglikheid met beplanning en voorbereiding van die leerstof. Ongeag die benadering wat die onderwyser beoog om te volg, (werkkaarte, werkopdragte, ens.) behoort daar op geen stadium onderbrekings voor te kom en onduidelikhede te ontstaan ten opsigte van wat presies gedoen behoort te word nie. Onderbrekings het meermale tot gevolg dat belangstelling en motivering afneem en die aanvanklike entoesiasme gedemp word.

3.6.3. Voorbereiding

Die sukses van 'n groeptaak word grootliks bepaal deur die deeglike voorbereiding van die onderwyser. Die nodige apparaat en toerusting moet op 'n effektiewe en sistematiese wyse aan die leerlinge beskikbaar gestel word volgens hulle behoeftes.

Die aktiwiteite van die verskillende groepe moet ook voortdurend deur die onderwyser beheer word. Mondelinge instruksies kan gegee word, maar dit moet sover moontlik vermy word aangesien dit verwarrend kan wees vir die verskillende groepe en sodoende tydvermorsing in die hand kan werk.

Hierdie probleem kan grootliks oorkom word deur van 'n werkopdragstelsel gebruik te maak. Dit behels onder andere die volgende:

(a) die gebruik van die skryfbord waar die taak puntsgewys uiteengesit word;

(b) 'n viltbord kan gebruik word;

(c) taakkaarte (werkkaarte) word gebruik en aan groepe en individue beskikbaar gestel. Die belangrikste voordele met die gebruik van werkkaarte is dat dit tydbesparend is, 'n groter werkuitset kan bewerkstellig, nasienwerk verminder, soms herhaaldelik gebruik kan word en die moontlikheid daarstel dat elke individu teen eie tempo die werk kan afhandel.

3.6.4. Beheer

Met die nodige toerusting en apparaat tot hulle beskikking en die groepe in posisie word die taak uitgedeel en kan die werk begin. Die onderwyser word lid van elke groep, hy gee leiding, bemoedig en stimuleer tot beter prestasie. In alle gevalle moet hy via die groepleier werk.

Deeglike toesighouding en kontrole verseker dat elke groeplid effektief meewerk en foute en swakhede kan onmiddellik reggestel word. Gesonde interpersoonlike verhoudings en redelike dissipline dra verder tot die sukses van die groep by.

Soos die taak vorder, kan die resultate onderling bespreek word. Selfkritiek en konstruktiewe kritiek is belangrik aangesien dit lei tot selfevaluering, terwyl dit verdere en meer effektiewe aktiwiteit stimuleer. (Cole en Blake, 1967, p.31-35).

3.6.5. Groepleiers

Die beheer van 'n hele aantal groepe in die klaskamer is, veral in die begin, nie maklik nie. Om dié rede is dit raadsaam om te begin met twee of drie groepe en die aktiwiteite te beperk totdat groepkontrole geleidelik gestalte kry.

Groepleiers kan baie effektief deur die onderwyser ingeskakel en gebruik word om sodoende die taak van die onderwyser te verlig. (Haber, 1979, p.295). Sy pligte is om onder andere as skakel te dien tussen die onderwyser, sy groep en ander groepe, te help met dissipline, organisasie, verdeling van werk, uitoefening van beheer oor afgehandelde werk en die aanbieding van die eindproduk.

Groepleiers moet, sover moontlik, deur die groep self aangewys word, maar die onderwyser moet probeer om op 'n subtiele wyse die geleentheid vir elke lid te skep om as leier op te tree en sodoende ook dié ervaring op te doen. (Rance, 1968, p.62-70).

In hierdie ondersoek het die leertaak, wat die leerlinge moes bemeester, bestaan uit vier leerelemente wat op vier agtereenvolgende dae vir die verskillende groepe aangebied is (vgl. par. 6.5.3.) Groepleiers het elke dag gewissel wat beteken het dat vier uit die vyf lede van elke groep geleentheid gekry het om tydens hierdie ondersoek as groepleier op te tree.

3.6.6. Leerlinghulp : Leerlinge as onderwysers

Soos reeds gestel (vgl. par. 3.5.2.1.) het dit vir beide die "vinnige" en die "stadige" leerlinge positiewe waarde indien die "vinnige" leerlinge, wanneer hulle hul taak voltooi het, hulp verleen aan die "stadige" leerlinge en sodoende ook die taak van die onderwyser verlig. Aangesien hy deur 'n lid van sy portuurgroep onderrig word, leer die "stadige" leerling in baie gevalle makliker en gouer terwyl die "vinnige" leerling self sy insig in die werk verdiep deur dit te onderrig.

Onderwysers kan self ook uit die optrede van hulle leerlinge leer en hulle onderrigmetodes so wysig en verbeter dat alle leerlinge daarby sal baat. (Mc Glosky, 1971, p.144).

## 3.7. DIE EFFEK VAN DIE METODE VAN ONDERRIG OP DIE KOGNITIEWE ONTWIKKELING EN AFFEKTIEWE INGESTELDHEID VAN DIE KIND

### 3.7.1. Inleiding

In die klaskamer kan geen onderwyser op enige stadium uitgaan van die standpunt dat die leerinhoude wat hy op 'n spesifieke wyse aanbied, 'n ewe effektiewe impak op al die leerlinge het nie. Daar kan eerder aanvaar word dat deur 'n bepaalde metode te gebruik 'n sekere persentasie effektief, ander minder effektief en ander glad nie bereik sal word nie.

Bogenoemde situasie kan toegeskryf word aan die feit dat mense uniek is. Elkeen het 'n eie intellektuele vermoë, besondere aanleg, eie vaardighede, eie behoeftes. Daarom is dit uit die aard van die saak nodig om die metode van aanbieding van leerinhoude aan te pas by die individu om sodoende te verseker dat die <u>individu</u> die leerstof sal verstaan. Die metode van onderrig het dus 'n direkte invloed op die kognitiewe ontwikkeling van elke kind, sowel as op die affektiewe ingesteldheid van elkeen teenoor die onderwerp, die vak, die skool in totaliteit en die praktiese samelewing.

### 3.7.2. Affektiewe ingesteldheid

#### 3.7.2.1. Inleiding

Die affektiewe ingesteldheid van elke kind teenoor die skool word bepaal deur die mate van goed- of afkeuring, sukses of mislukking, aanvaarding of verwerping wat hy ondervind.

In die skool in die algemeen, en in die leeraktiwiteite in die skool in besonder, is dit noodsaaklik dat die kind meer positiewe as negatiewe ervarings sal hê ten einde 'n positiewe affektiewe ingesteldheid te bewerkstellig. Dit sal lei tot innerlike motivering wat 'n baie belangrike faktor is in die bereiking van die skool se primêre doelstelling met elke kind, naamlik, om sy potensiaal tot 'n maksimum te ontwikkel.

Om effektief te kan leer, moet die leerstofinhoude die belangstelling van die kind prikkel en moet die aanbieding daarvan nuwe wêrelde vir hom ontsluit. Dit kan egter gebeur dat die kind wel belangstel in die leerstof, maar dat die metode waarop dit aangebied word nie aanklank by hom vind nie. Dit mag 'n gevoel van onvermoë by die kind laat ontstaan wat sal lei tot minder entoesiasme en minder selfvertroue. Belangstelling in 'n spesifieke onderwerp of vak word beïnvloed deur die kind se eie siening van sy vermoë of onvermoë. Hierdie siening is gewoonlik gebaseer op vorige ervaring. (Block, 1971, p.16-19).

3.7.2.2. Die effek van die metode van onderrig op die affektiewe ingesteldheid van die kind

Milieugestremde kinders, om wie dit in hierdie ondersoek gaan, vind dit dikwels uiters moeilik om aan die andersoortige en "vreemde" eise wat die skool stel, te voldoen. In die klaskamer kan hierdie kinders, as gevolg van 'n verskeidenheid faktore, net die presteer nie, alhoewel hulle oor die potensiaal en moontlikhede beskik om wel te presteer. Dit gee aanleiding tot 'n negatiewe selfbeeld en 'n negatiewe affektiewe ingesteldheid teenoor alles wat met die skool verband hou. (Block, 1971, p.21).

In die praktyk kan 'n negatiewe houding en ingesteldheid dikwels omskep word in 'n positiewe houding deur eenvoudig die metode van leerstofaanbieding te wysig, die leerstofinhoude in verband te bring met die leefwêreld van die kind en doelbewus in die klaskamer die geleenthede te skep sodat hy moet presteer (Bloom, Hastings en Madaus, 1971, p.56). Volgens Torshen (aangehaal deur Block, 1971, p.22) kan suksesvolle ervarings in die klaskamer en prestasie in skoolwerk aanleiding gee tot 'n positiewe selfbeeld en omgekeerd.

In hierdie ondersoek word die milieugestremde kinders in die kleingroepsituasie, wat opsigself sekere voordele as

metode van onderrig vir hulle behoort in te hou, onderrig (vgl. par. 3.3.2) Die onderrig in die kleingroepsituasie word verder gekoppel aan die gedagte dat elke individuele leerling in die groep eers elke faset van elke leerelement moet bemeester voordat die daaropvolgende leerelemente geleer kan word. Deur hierdie metode van onderrig word verseker dat elke leerling deur voortdurende prestasie geprikkel en gelei word om in die leerstofinhoude belang te stel. Op hierdie wyse kan 'n positiewe affektiewe ingesteldheid teenoor die betrokke vak bewerkstellig word asook met die skool en alles wat daarmee verband hou. (Fehlen, 1976, p.234).

3.7.3. Kognitiewe ontwikkeling

3.7.3.1. Inleiding

Kognitiewe ontwikkeling is 'n faset van die omvattende opvoeding van die kind wat in sommige klaskamersituasies nie tot sy reg kom nie en in ander gevalle heeltemal uit verband geruk en verabsoluteer word. 'n Gesonde balans ten opsigte van élke faset in die ontwikkeling van die kind, behoort in enige klaskamer die uitgangspunt te wees.

In die gewone klaskameropset gaan die onderwyser gewoonlik uit van die standpunt dat die leerlinge oor die intellektuele vermoëns beskik om die leerstofinhoude wat aangebied word, te bemeester. Die praktyk bewys egter dat 'n groot persentasie, ongeag hulle intellektuele vermoë, nie aan al die verwagtings voldoen nie.

3.7.3.2. Die effek van die metode van onderrig op kognitiewe ontwikkeling

Omdat mense uniek is en van mekaar verskil ten opsigte van vermoëns, vaardighede, aanleg en behoeftes, sal die onderwyser in die klaskamer tydens die aanbieding van die leerstofinhoude nie ewe effektief tot alle leerlinge deurdring nie. Afhangende van die aard van die leerstofinhoude

verstaan sommige leerlinge dit dadelik, ander minder goed en ander glad nie. Riessman (1967, p.328) kom tot die gevolgtrekking dat hierdie onvermoë om te leer en te presteer, toegeskryf moet word aan 'n blokkasie wat tot gevolg het dat die leerstofinhoude nie in perspektief gesien en verstaan word nie.

Ten einde elke individuele leerling effektief te bereik, is dit noodsaaklik dat die onderwyser sy metodes van onderrig voortdurend sal wysig en sal aanpas by die individuele behoeftes van elke leerling. Deur slegs die metode van leerstofaanbieding te wysig, kan die blokkasie wat veroorsaak dat sommige leerlinge minder effektief, of glad nie leer nie, in baie gevalle verwyder word.

Die effektiewe kognitiewe ontwikkeling van milieugestremde kinders kan in 'n groot mate bewerkstellig word wanneer hulle in die kleingroepsituasie onderrig word. In die kleingroep is elke individu belangrik, word daar omgesien na elkeen se individuele behoeftes en moet elkeen saamwerk om die groepsdoelstellings te verwesenlik. Deur onderlinge samewerking in die groep, en waar nodig met die hulp van die onderwyser, kan verseker word dat elkeen elke element van die leerstofinhoude bemeester met gepaardgaande leerprestasie.

Veranderinge in kognitiewe prestasie het 'n direkte invloed op die affektiewe eienskappe van elke kind. So sal byvoorbeeld beter prestasie in 'n sekere vak lei tot meerdere belangstelling in daardie vak, 'n meer positiewe houding teenoor die vak en 'n positiewe verandering in die selfbeeld van die kind. Gereelde erkenning deur die onderwyser aan die kind vir gelewerde prestasie, sal bogenoemde effek meer effektief maak.

Uit die voorafgaande gedeeltes is dit duidelik dat die metode van onderrig van leerstofinhoude 'n baie belangrike veranderlike faktor is. Die onderwyser kan deur die gebruik

van 'n toepaslike metode in 'n bepaalde situasie baie daartoe meehelp om die kognitiewe ontwikkeling, sowel as die affektiewe ingesteldheid van elke kind positief te laat ontplooi.

## 3.8. SAMEVATTING

In hierdie ondersoek waar dit gaan om die invloed van bemeesteringsleer in kleingroepsituasies op die leerprestasies van milieugestremde kinders, word uitgegaan van die standpunt dat milieugestremde kinders diegene is wat in alle opsigte normaal is en oor die potensiaal beskik om in alle opsigte normaal te ontwikkel. Hulle word egter deur verskeie faktore in hulle leef- en woonmilieu so beperk en gestrem dat die normale samelewingswerklikhede vir hulle vreemd en dikwels angswekkend is.

In die lig van die talle tekortkominge (vgl. parr. 2.3., 2.4. en 2.5.) in die leef- en woonmilieu van milieugestremde kinders behoort die skool 'n groter verantwoordelikheid te aanvaar vir die omvattende opvoeding en vorming van hierdie kinders. In die skoolsituasie kan hulle in 'n groot mate vertroud gemaak word met die eise en norme wat eie aan die samelewingspraktyk is.

Ten einde milieugestremde kinders individueel effektief in die klaskamer te bereik is dit noodsaaklik dat 'n andersoortige metode van onderrig geïmplementeer sal word en dat afgewyk sal word van die tradisionele klassikale onderrigmetodes. Onderrig in kleingroepsituasies hou in hierdie verband baie belofte in.

In die kleingroepsituasie leer die kind om saam te werk ten einde 'n gemeenskaplike doel of gemeenskaplike doeleindes te verwesenlik. Die individu word ten opsigte van sy persoonlikheidsontwikkeling, benadering teenoor die werklikheid,

samewerking, ensovoorts verander en gevorm en ontwikkel ŉ bepaalde siening en benadering tenoor ander mense en die praktiese lewe. Ten opsigte van sy kognitiewe ontwikkeling leer die kind om saam met ander lede van sy portuurgroep te werk en te leer en selfs van hulle te leer.

Ten einde te verseker dat elke leerling die maksimum voordeel uit die onderrig in die kleingroepsituasie trek en op die mees effektiewe wyse leer, behoort daar omgesien te word na elkeen se besondere behoeftes. Die benadering van die onderwyser teenoor elke leerling maar veral die wyse waarop die kleingroepe saamgestel word, is uiters belangrik. Leerlinge behoort ook in die kleingroepsituasie van mekaar te leer en baat te vind by mekaar se kennis, vermoëns en vaardighede.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die milieugestremde kinders in heterogene kleingroepe ingedeel. Die oogmerk is dat elke individuele leerling die tersaaklike leerstofinhoude moet bemeester en, waar van toepassing, die "stadige" leerlinge deur die "vinnige" leerlinge bygestaan en gehelp moet word. Die "vinnige" leerlinge word verder gestimuleer deur verrykingsprogramme wat vir hulle besondere uitdagings skep. Op hierdie wyse kan beide die "stadige" en die "vinnige" leerlinge gehelp word om te presteer en kan hulle prestasiepeil voortdurend verhoog word.

Die moontlikheid is verder in hierdie benadering ingebou dat die onderwyser self minder aktief in die klaskamer hoef te wees en meer besondere aandag kan gee aan individuele leerlinge met unieke probleme.

Onderrig in die kleingroepsituasie hou baie moontlikhede in vir milieugestremde kinders. In die kleingroepsituasie kan ŉ positiewe houdings- en gesindheidsverandering teenoor die skool en alles wat daarmee verband hou, bewerkstellig word terwyl die groeplede onderling, en waar nodig die onderwyser self, omsien na die persoonlike probleme van elke individu. Elkeen word sistematies en effektief gelei en gehelp om te presteer.

Deur hierdie benadering kan die omvattende opvoeding en vorming van die kind meer tot sy reg kom en kan kognitiewe ontwikkeling met gepaardgaande skolastiese prestasie verbeter word. Sodoende kan die skool en alles wat daarmee verband hou vir elke individu meer aanvaarbaar gemaak word. Dit mag daartoe lei dat die kinders langer op skool bly tot hulle eie voordeel en in belang van die land as geheel.